

HOOFSTUK 3

BEROEPSLEIDINGPROGRAMME VAN ENKELE OORSESE LANDE EN DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE IN DIE RSA SE BEROEPSLEIDINGPROGRAMME

3.1 INLEIDING

Alvorens enkele vereistes waaraan 'n opvoedkundig verantwoordbare beroepsleidingprogram behoort te voldoen in hoofstuk 4 bespreek word, word in hierdie hoofstuk gelet op nuwe tendense in beroepsleidingprogramme in enkele oorsese lande. Verder sal die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente se huidige beroepsleidingprogramme bespreek word. Soos wat dit uit die bespreking in hoofstuk 2 geblyk het, het lande soos Brittanje, die VSA, België en Wes-Duitsland (vóór Oktober 1990) ten opsigte van hul benadering tot beroepsleiding, van mekaar verskil.

Vervolgens word die beroepsleidingprogramme wat sedert ongeveer 1975 in hierdie lande gevolg is kortliks bespreek.

Die bespreking van die oorsese skoolvoorligtingstelsel word hoofsaaklik aan die hand van die Nasionale Mannekragskommissie (NMK) se verslag, Verslag 94/1988 gedoen. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag 0-158 dien as bron vir die bespreking van die opvoedkundige leidingprogramme van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente. Die uiteensetting van die bestaande beroepsleidingprogram van die sekondêre skool in die Transvaalse Onderwysdepartement word uit die TOD-publikasie "Beroepsvoorligtingsprogram in die sekondêre skool" sowel as die sillabus vir Beroepsleiding (st 6 tot st 10) behandel.

3.2 BEROEPSLEIDING IN ENKELE OORSESE LANDE VANAF ONGEVEER 1975

3.2.1 Brittanje

Die Nasionale Mannekragskommissie (NMK) se verslag RP 94/1988 (1988:5), wys daarop dat beroepsvoorligting in Brittanje deur 'n agentskap, naamlik die "Occupational Guidance Unit" voorsien word. Hoewel dit 'n nasionale program is, word voorligting plaaslik deur die skoolrade beheer. Voorligtingbeamptes dien as skakel tussen skole en werkgevers en voorsien beroepsvoorligting aan persone bo 18 jaar (NMK, 1988:56).

Beroepsvoorligting word benewens bogenoemde ook in sekondêre skole aangebied deur onderwysers wat in voorligting spesialiseer. Diesulke onderwysers bied geen ander skoolvakke aan nie. Op die primêre skoolvlak word geen beroepsvoorligting of psigometriese toetsing gedoen nie. Private beroepsvoorligtingdienste bied wel beroepsvoorligting teen vergoeding aan enige persoon wat so 'n diens verlang (NMK, 1988:56).

In die meerderheid sekondêre skole in Engeland en Wallis word 'n breë basis-kurrikulum in die eerste 3 jaar van sekondêre onderwys geneem. Teen die einde van die derde jaar sekondêre onderwys word vakkeuses gemaak. Engels, Wiskunde en een of ander vorm van Liggaamlike Opvoeding is verpligte skoolvakke en die res is keusevakke wat wissel van 'n "oop" keuse tot meer beperkte keuses (Culley, 1988:78; vgl ook Avent, 1988:6). Beroepsvoorligting in die ware sin van die woord, neem eers in die vierde sekondêre skooljaar 'n aanvang, terwyl vakkeuses reeds in die vorige skooljaar gemaak is. Culley (1988:79) wys daarop dat die beroepsinligting waaroor leerlinge beskik wanneer hulle hul vakkeuses uitoefen, baie beperk is.

Beroepsvoorligting as komponent van die skoolkurrikulum in Brittanje is eksplisiet gemoeid met beroepsbesluitneming en die oorgang van skool na werk (Ball, 1984:22-29). Ball (1984:24) haal Watts en Herr aan as hy sê "the main objective has been to help the student to acquire concepts, skills and information which will help him(her) to formulate and implement the career decisions that immediately face him(her), though some attention has been paid to the fact that they will also help him(her) when facing subsequent career decisions - indeed it is this notion of equipping students with enduring resources for career development, which is one of the main justifications for an educational approach to career guidance".

Uit 'n ondersoek wat in 1979 geloods is (Ball, 1984:24) blyk dit dat bykans 50% van die 400 skole wat betrek is, wel vir beroepsvoorligting in die vierde en vyfde sekondêre skooljare op die skoolrooster voorsiening gemaak het, terwyl ander formele beroepsvoorligting slegs in óf die vierde óf die vyfde sekondêre skooljaar aangebied word. In die "grammar" skole ontvang 70% van die leerlinge geen formele beroepsvoorligting nie. Voorligtingpersoneel ervaar probleme om behoorlike beroepsvoorligting te implementeer. Deels is dit as gevolg van ontoereikende roostertyd en die groter gewig wat aan sogenaamde eksamen-vakke bó die nie-eksamen-vakke verleen word (Ball, 1984: 28-31).

3.2.2 Die Verenigde State van Amerika

Die voorligtingsdiens op skoolvlak in die VSA behels persoonstruktuur-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting (NMK, 1988:50).

Die onderwysdoelstelling is om die jeugdige te lei tot optimale verwesenliking van sy potensiaal en dat hy as ver-

antwoordelike en toegeruste burger, die beroepsterrein kan betree. Nieteenstaande die feit dat die onderwys- en voorligtingstelsel grootliks gedesentraliseer is, is daar 'n groot mate van eenvormigheid. Die "American Personnel and Guidance Association" (APGA) doen gereeld navorsing oor Voorligting. Professionele persone spreek skoolvoorligters (sic onderwyservoorligters) dwarsoor die land toe, publiseer gereeld landwyd en dra grootliks by tot die eenvormige skoolvoorligtingspraktyk. Die B'nai B'rith Career and Counselling Services speel saam met die APGA 'n belangrike rol in die voorligtingstelsel, maar werk hoofsaaklik met die Joodse gemeenskappe (NMK, 1988:50). Elkeen van die 50 state in Amerika voorsien 'n doelmatige onderwysstelsel, terwyl betrokke skoolrade skoolvoorligtingpersoneel voorsien. Die voorligtingsdienste behels hulp aan die leerlinge met betrekking tot sosio-ekonomiese en onderwyskundige aangeleenthede (NMK, 1988:50).

Skoolvoorligters word aan streng keuring onderwerp. 'n Meestersgraad in Voorligting is 'n algemene vereiste, terwyl onderwys- en ander ervaring buite die onderwys ook vereis word. (NMK, 1988:50).

Teen die einde van die junior sekondêre skoolfase voorsien skoolvoorligters hulp aan die leerlinge ten opsigte van vakkeuses vir die senior sekondêre skoolfase. Volgens die NMK-verslag 94/1988 (1988:50) is beroepsinligting 'n knelpunt by die beroepsvoorligting op skoolvlak. Meer leerlinge word na kolleges en universiteite verwys as na inrigtings vir tegniese opleiding wat aanleiding gee tot 'n wanbalans in die mannekragvoorsiening.

Pickering en Voci se navorsing (NMK, 1988:50)) toon dat houdings met betrekking tot die beroepskeuse van jeugdiges bepaalde beroepsimplikasies inhou. 'n Klemverskuiwing vanaf 'n meer persoonlike en sosiale oriëntasie in die sestigerjare tot 'n meer loopbaangeoriënteerde houding

onder jeugdiges in die laat sewentigerjare het ingetree. Dit hou bepaalde implikasies vir tersiêre opleiding in (NMK, 1988:50). Gepaard hiermee het die vroeëre eenmalige beroepskeuse ná skool- en universiteitsfase verander na beroepskeuse as 'n ontwikkelingsproses, naamlik dat loopbaanontwikkeling oor die volle span van die beroepslewe strek. Beroepsinligting word deur die "National Occupational Information Co-ordinating Committee" verskaf. Die "State Occupational Information Co-ordinating Committees" werk nou met die Amerikaanse "Department of Labour" en die "Department of Defence" saam om beroepsinligting op 'n deurlopende basis uit te brei en beskikbaar te stel (NMK, 1988:51).

3.2.3 België

Die jeugdiges in Belgiese skole word bloot ten opsigte van bepaalde beroepsvelde georiënteer. Deur middel van belangstellingsvraelyste kies die sekondêre skoolleerling tussen die tegniese-, handels- en professionele studierigtings. Skole verskaf bloot beroepsinligting, terwyl voorligters nie aan skole verbonde is nie (NMK, 1988:48).

Staatsbeheerde sentrums vir sielkundige, mediese en maatskaplike dienste asook voorligtingsentrums voorsien beroepsvoorligtingsdienste gratis en volg 'n multi-dissiplinêre benadering. Hierdie diens word deur sielkundiges en medici hanteer. Die skool doen verwysing na die sentrums, maar ouers kan ook self die dienste versoek (NMK, 1988:48). Personeel van die sentrums besoek die skool waartydens leerlinge volgens bepaalde voorskrifte evalueer word. Benewens beroepsvoorligting, word aandag aan opvoedkundige en persoonlike probleme gegee, maar die voorligting fokus op die totale ontwikkeling van die leerling. Beroepsvoorligting word slegs aan dié leerling gegee wat 'n probleem op hierdie gebied ondervind (NMK, 1988:49). Hoewel 'n goeie werksverhouding tussen skole en die sen-

trums bestaan, is daar duidelike werksafbakening. Die skool meng nie in met die sentrum se sielkundige werk nie, terwyl die sentrum nie op die akademiese en dissiplinêre terrein van die skool oortree nie (NMK, 1988:49).

3.2.4 Wes-Duitsland (Voor 1990)

Die Federale Werksverskaffingsinstituut voorsien gratis beroepsvoorligting aan alle persone in Wes-Duitsland. Die beroepsvoorligting word volgens die Staat se beleid aangebied. Dit gaan in die skool hoofsaaklik volgens die vermoë en aanleg van die toetsling. Wetgewing verbied enige persoon/organisasie om professionele beroepsvoorligting te doen (NMK, 1988:49).

Samewerking tussen die Federale Werksverskaffingsinstituut, werkgewers en vakbonde, maar veral tussen die skool en die Instituut, behels die uitruil van inligting oor opleiding en gegewens oor die plasing van vakleerlinge (NMK, 1988:49). Beroepsvoorligters voer individuele onderhoude met jeugdiges en volwassenes. Ouers speel 'n belangrike rol in die besluite van die leerling. Groeps- en individuele toetsing vind ook plaas. Tydens besoeke aan skole verskaf beroepsvoorligters beroepsinligting aan ouers en leerlinge. Die verskaffing van beroepsinligting deur beroepsvoorligters vind ook plaas deur middel van praatjies, die pers en massa-media soos die radio en televisie, asook deur middel van filmvertonings (NMK, 1988:49).

3.3 OPVOEDKUNDIGE LEIDINGPROGRAMME VAN DIE ONDERSKEIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE IN DIE RSA

Die onderstaande inligting is bekom uit Verslag 0-158 van die RGN-onderzoek na Skoolvoorligtingstelsels in die RSA (RGN, 1984:55-110).

3.3.1 Kaaplandse Onderwysdepartement (KOD)

Opvoedkundige leiding is een van die vertakkinge van die Opvoedkundige Hulpdiens in die Kaaplandse Onderwysdepartement. Die Opvoedkundige Hulpdiens is 'n integrale deel van die gedifferensieerde onderwys in die KOD. Dit is opvoedkundig georiënteerd en funksioneer geïntegreerd (RGN, 1984:55). Dit sluit hulpverlening aan onderwysers, ouers en ander belanghebbendes in en omsluit die stimulering van gesonde en gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling by die leerling. Dit omsluit die algemene skoling van leerlinge, asook hulpverlening aan die leerling om oorwoë besluite te kan neem wanneer hy met probleme gekonfronteer word (RGN, 1984:57).

Die opvoedkundige leidingprogram streef daarna om al die fasette van die leerling se ontwikkeling aan te spreek (RGN, 1984:55). Om praktiese en organisatoriese redes word drie soorte voorligting onderskei, naamlik:

- * opvoedkundige leiding;
- * beroepsvoorligting; en
- * sosiale persoonlikheidsvoorligting (RGN, 1984:57).

Dit behels die insameling van toepaslike inligting oor:

- * opvoedkundige aangeleenthede;
- * beroepe en beroepsverkenning ten aansien van aard, voorkoms, vereistes en moontlikhede;
- * die leerling self;
- * psigometriese werk - die toepassing en interpretasie van psigometriese en ander toetse;
- * groepvoorligting met betrekking tot sake van aktuele belang vir leerlinge; en

- * individuele werk na aanleiding van beskikbare inligting (RGN, 1984:57-58).

Die strewe is om elke leerling in die lig van sy aanleg, bekwaamheid, belangstelling en persoonlikheid op 'n sistematiese, deurlopende en georganiseerde wyse te help om optimaal te ontwikkel in al die fasette van sy menswees. 'n Verdere doel is om elke leerling te help tot sinvolle probleemoplossing vir enige probleme wat hy moontlik ten opsigte van sosiale en emosionele aanpassings, maar ook onderwys- en beroepsaangeleenthede mag ondervind (RGN, 1984:55-56).

Op skoolvlak behels die opvoedkundige leidingsdiens tydindeling, personeeltoewysing, fasiliteite, werkskemas, skriftelike werk, besoekende sprekers en besoeke aan werkplekke en beroepsuitstallings. St 5- en senior spesiale klasleerlinge ontvang groepvoorligting terwyl alle sekondêre skoolleerlinge van st 6 tot st 10, een periode per week groepvoorligting ontvang. Groepvoorligting word opgevolg deur individuele voorligting. Sekondêre skole met meer as 300 leerlinge kry een of meer voltydse onderwysersielkundiges, terwyl ander skole deeltydse personeel kry (RGN, 1984:60-61).

Waar besoeke aan werkplekke moontlik nie gereël kan word nie, word beroepsuitstallings, deur die skool gereël en beoefenaars van die beroepe word ook genooi om leerlinge oor hul beroepe in te lig (RGN, 1984:62).

Beheer van die diens geskied vanaf die hoofkantoor in Kaapstad, terwyl kontrole deur veldpersoneel op 'n streekbasis geskied (RGN, 1984:62).

Die onderwysersielkundige se pligte as 'n voltydse skoolpersoneellid behels:

- * psigometriese werk;
- * groepwerk met leerlinge oor opvoedkundige, beroeps- en persoonlikheidsaangeleenthede;
- * individuele sielkundige en voorligtingswerk met leerlinge, ouers en belanghebbendes;
- * versameling en beskikbaarstelling van inligting oor beroepe, opleidingsfasiliteite en mannekragbehoefte; en
- * toesig oor die byhou en die liassering van verslag oor elke leerling (RGN, 1984:63).

Die skoolsielkundiges verbonde aan klinieke se pligte behels:

- * verantwoordelikheid vir alle sielkundige en voorligtingswerk in primêre en sekondêre skole sowel as spesiale onderwys binne sy streek of area;
- * psigometriese werk;
- * individuele voorligting en psigoterapie;
- * voorligting en hulpverlening aan onderwyersielkundiges, skoolhoofde, onderwyers en ander belanghebbendes;
- * verwysing van leerlinge;
- * versameling en beskikbaarstelling van inligting oor beroepe, opleidingsfasiliteite, asook mannekragbehoefte;
- * toetsing van leerlinge vir remediërende onderwys;

- * toetsing en evaluering met die oog op skoolgereedheid of vrystelling van skoolplig (RGN, 1984:63-64).

Die pligte van hoofkantoorpersoneel is oorkoepelend van aard en dek die drie spesialiteitsdienste, naamlik:

- * skoolvoorligting;
- * spesiale onderwys; en
- * skoolklinieke en remediërende onderwys.

3.3.2 Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement (OVSOD)

Binne die gedifferensieerde onderwys word hulp aan leerlinge met probleme of leergestremdhede gebied. Dit behels enersyds die korrekte plasing van leerlinge in daardie skole of klasse waar hulle die hoogste moontlike ontplooiing van hulle spesifieke persoonsmoontlikhede kan bereik. Andersyds word steun verleen aan leerlinge met spesifieke leergestremdhede om sodanige probleme sover moontlik te oorkom. Die diens funksioneer hoofsaaklik op 'n gedesentraliseerde wyse. Die diens kan in drie onderafdelings verdeel word, naamlik:

- * kliniese afdeling;
- * spesiale onderwys; en
- * voorligtingsdiens (RGN, 1984:82).

In die besonder is die doelstellings met skoolvoorligting die daarstelling van 'n opvoedkundige proses wat die leerling help om die bes moontlike lewensaanpassing te maak op skool én daarna. Opvoedkundige leiding het verder ten doel om 'n ewewig tussen dié basiese menslike vaardighede te bewerkstellig ten einde 'n bestaan te maak en tussen die ontwikkeling van sodanige ingesteldhede en karaktertrekke te bewerkstellig sodat die hoogste beroepsbedrewenheid sosiaal aanvaarbare gedrag kan verseker (RGN, 1984: 82-83).

3.3.2.1 Aard en omvang van die diens

Dit behels die volgende: (RGN, 1984:83-86)

- * Die diens is 'n hulpdiens binne die gedifferensieerde onderwysstelsel waarin die leerling gehelp word om optimaal volgens sy vermoë en aanleg verstandelik en geestelik te ontwikkel tot die hoogs moontlike niveau.
- * Die diens wat aangebied word, is:
 - ** klinies;
 - ** spesiale onderwys; en
 - ** voorligting (RGN, 1984:83).
- * Die kliniese diens behels hulp in die vorm van diagnose en behandeling van die leergestremde leerling deur middel van terapie, remediërende onderwys, die plasing in geskikte klasse of skole en hulpverlening by vak- en studierigtingkeuses.
- * Leerlinge wat na die kliniek verwys is, word met behulp van sielkundige toetse, apparate en tegnieke en indien nodig, ook verwys vir mediese ondersoeke, terwyl visuele en ouditiewe vermoë ook ondersoek word. Die diagnose van 'n bepaalde leerling se probleem lei tot voorligting aan die ouers, en/of die skoolhoof en die behandeling van die probleem ten opsigte van -
 - ** emosionele of sielkundige afwykings;
 - ** skolastiese probleme;
 - ** spraakterapie; en
 - ** maatskaplike werk.

- * Die identifisering en plasing van leerlinge met die oog op spesiale onderwys word deur die assistent hoofsielkundige gekoördineer (RGN, 1984:84).
- * Voorligting word aan die primêre en sekondêre skole aangebied wat in 'n voorgeskrewe leergang voorsiening maak vir -
 - ** persoonlike;
 - ** opvoedkundige; en
 - ** beroepskeuse aangeleenthede (RGN, 1984:84).
- * Die behoeftes van die bepaalde leerling bepaal die omvang van die hulpverlening en word gedoen binne -
 - ** klasgroepverband;
 - ** individuele verband; en
 - ** psigometriese werk.
- * Die hulp wat verleen word is sielkundig, terapeuties, remediërend en medies van aard (RGN, 1984:85).
- * Die omvang van die diens bestaan uit -
 - ** voorligting (st 5 tot st 10);
 - ** kliniese dienste voorsien deur 5 kinderleiding-klinieke;
 - ** spesiale onderwys (uitkenning van gestremde leerlinge en remediërende onderwys) (RGN, 1984: 83-86).

3.3.2.2 Organisasie, beheer en kontrole van die diens.

Dit behels die volgende: (RGN, 1984:86-89)

- * Op skoolvlak behels die diens lesrooster-tydindeling, personeelvoorsiening en die versameling van beroepsinligting.

- * Een lesuurperiode per klas per week moet vir alle st 5 tot st 10 leerlinge vir groepvoorligting ingeruim word (RGN, 1984:86).
- * Die onderwyservoorligter voer individuele onderhoude met elke leerling. Die onderwyservoorligter moet volgens 'n vaste skema, 'n kort opsomming van elke onderhoud maak wat ter insae van departementele inspekteurs moet wees. Die spesifieke aard van die voorgeskrewe onderhoude vir elke standerdgroep word deur die sillabus bepaal en uiteengesit (RGN, 1984:88). Skoolsielkundiges van die kinderleidingklinieke besoek primêre skole en voer die nodige persoonlike onderhoude, aangesien die primêre skole nie oor onderwyservoorligters beskik nie. Sekondêre skole met 'n leerlingtal tot 600, beskik oor een onderwyservoorligter terwyl groter sekondêre skole (600+ leerlinge) twee onderwyservoorligters kan aanstel (RGN, 1984:88).
- * Alle persoonlike gegewens oor 'n leerling word ingesamel en in 'n gevallelêer ingebind en opgeneem in die kinderleidingkliniek se liasseerstelsel (RGN, 1984:88).
- * Skole moet beroepsinligting en literatuur oor voorligtingaspekte vir gebruik deur onderwysers en leerlinge opbou en in die skoolbiblioteek huisves (RGN, 1984:88).
- * Die beheer vind op gedesentraliseerde basis vanuit die hoofkantoor plaas.
- * Die senior skoolsielkundige, as hoof van die kinderleidingkliniek, kontroleer die werksaamhede van die skoolsielkundiges en ander personeel verbonde aan die kliniek. Op hul beurt kontroleer skoolsielkundig-

ges die werk van die onderwyservoorligters wat aan die skole verbonde is (RGN, 1984:89).

- * Die onderwyservoorligter se pligte behels onder meer dat hy verantwoordelik is vir die skool se eie opvoedkundige leidingprogram. Dit sluit in -

- ** 'n persoonstudie van die leerling;
- ** toepassing van gestandaardiseerde toetse;
- ** die op datum hou van verslae wat vir voorligting nodig is;
- ** groepvoorligting; en
- ** individuele onderhoude (RGN, 1984:89-90).

- * Kliniekpersoneel verbonde aan kinderleidingklinieke bestaan uit die kliniekhoof en skoolsielkundiges.

3.3.3 Natalse Onderwysdepartement (NOD)

Soos in die geval van die ander provinsiale onderwysdepartemente se voorligtingsdienste, is die Natalse Skoolsielkundige- en Voorligtingsdiens 'n geïntegreerde deel van die gedifferensieerde onderwysstelsel volgens Wet 39 van 1967. Dit vertoon 'n groot ooreenkoms met die stelsel van die KOD wat betref organisasie, beheer en kontrole (RGN, 1984:73).

- * Die opvoedkundige leidingprogram maak bo en behalwe die psigokliniese dienste wat by die kinderleidingklinieke gelewer word, voorsiening vir -

- ** opvoedkundige;
- ** persoonlike; en
- ** beroepsleiding (RGN, 1984:93).

- * Die doelstellings en die gepaardgaande dienste, is op die behoeftes en die moontlikhede van die leerling binne die bepaalde opvoedingsituasie gerig. Die alge-

mene doelstelling is om enersyds toepaslike inligting, hulp en ondersteuning tot die leerling se beskikking te stel ten einde op kritieke tye in sy ontwikkeling korrekte besluite te maak, en om andersyds leerlingbehoefte onder onderwysers se aandag te bring. 'n Verdere algemene doelstelling is om die leerling te begelei in die formulering van 'n eie lewensfilosofie (RGN, 1984:73).

* Die besondere doelstellings behels -

- ** hulpverlening aan die leerling in sy oorskakeling van die primêre na sekondêre skool;
- ** om die leerling bewus te maak van opvoedkundige geleenthede en om hom te help ten opsigte van realistiese ideale met betrekking tot sy skoolloopbaan;
- ** om nie net inligting te verskaf nie, maar ook korrekte besluitnemingsvaardighede by die leerling te help ontwikkel en om bystand aan die leerling, met inagneming van die ouers se wense, te verleen;
- ** om die bewuswording, bestudering en die beroepskeuse in perspektief te plaas;
- ** om verkenningsgeleenthede vir die leerling ten opsigte van die inoefening van vermoëns en die stigting van interpersoonlike verhoudings met die oog op groepsidentifikasie en -intimiteit te skep; en
- ** om onderwysers en ouers van diens te wees met betrekking tot inligting oor die leerling se skoolastiese vordering en om sodoende begrip te toon in die hantering van die leerling (RGN, 1984:74).

- * Die voorligting aan primêre en sekondêre skole geskied op groeps- en individuele basis en behels -

- ** opvoedkundige-;
- ** persoonlikheids-; en
- ** beroepsleiding (RGN, 1984:75).

- * Voorligting word aan alle st 5-leerlinge gebied, terwyl alle sekondêre skoolleerlinge vanaf st 6 tot st 10 een lesuurperiode per week per standaard groepvoorligting ontvang. Voorsiening word gemaak vir individuele onderhoude met ouers; leerlinge met probleme wat óf self aanmeld óf deur die skoolhoof, ouers en ander personeel verwys is; onderpresteerders; alle st 7-leerlinge in die laaste semester met die oog op keuses vir die senior sekondêre fase; asook alle skoolverlaters met betrekking tot beroepskeuses (RGN, 1984:75-76).

- * Op skoolvlak behels die organisasie van die diens roostertydindeling; personeeltoewysing, fasiliteite, werkskemas, rekordhouding, versameling van beroepsinligting, besoekende sprekers en skriftelike werk (RGN, 1984:76).

- * Behalwe die aantal lesuurperiodes wat vir groepwerk ingeruim moet word, moet sekondêre skole vir elke lesuur groepwerk, twee lesure vir onderhoudvoering en administratiewe pligte op die onderwyservoorligter se rooster inruim. Primêre skole kry geen spesiale toewysing vir onderwyservoorligter nie. Sekondêre skole kry 'n toewysing van 7 lesuurperiodes vir elke 100 leerlinge, dit wil sê groot sekondêre skole kan meer as een onderwyservoorligter aanstel (RGN, 1984:77-78).

- * Rekord word gehou van alle individuele onderhoude wat gevoer is, asook van beplande onderhoude (RGN, 1984:78).

- * Toepaslike beroepsinligting word versamel en vir die leerling toeganklik gemaak.
- * Die skoolhoof kan toestemming aan sprekers van buite die skool verleen om leerlinge toe te spreek (RGN, 1984:78).
- * Leerlinge word aangemoedig om eie lêers aan te lê waarin relevante inligting aangeteken mag word (RGN, 1984:79).

3.3.4 Transvaalse Onderwysdepartement (TOD)

Die Opvoedkundige Hulpdiens is daargestel om op 'n gedif-ferensieerde en gekoördineerde basis gespesialiseerde hulp aan die leerling te verleen. Die diens verleen ook hulp aan ouers, skoolpersoneel en ander persone en instan-sies wat by die leerling betrokke is (RGN, 1984:93). Psigokliniese hulpverlening help die leerling om by die onderwysvlak wat vir hom geskik is, aan te pas (RGN, 1984:93).

Dit is 'n opvoedingshulpdiens wat daargestel is om aan alle leerlinge (veral vir die kind in nood) hulp te verleen. Beroepsleiding as komponent van die Opvoedkundige Hulpdiens, het ten doel om elke kind te lei tot 'n sin-volle onderwys- en beroepskeuse. Onderwyskeuses is ter sprake vir dié wat in standers 5 en 7, asook deur die skoolverlaters gemaak moet word wat onder meer die vol-gende keuses insluit: tipe sekondêre skool, kursusse, vakke, studierigtings en naskoolse opleiding (RGN, 1984: 93).

3.3.4.1 Die aard en omvang van die diens.

Dit behels die volgende: (RGN, 1984:94-95)

Opvoedkundige leiding sluit die voogstelsel in en word as amptelike nie-eksamenvak aan alle leerlinge in die sekondêre skoolfase aangebied. Die diens behels hulpverlening deur gespesialiseerde persone aan alle leerlinge wat dit nodig mag hê. Daar word gepoog om alle leerlinge te bereik en hulle te help tot ongehinderde volwassenheid. Leerlinge met emosionele-, leer-, gedrags- of beroepskeuseprobleme word geïdentifiseer, en daar word gepoog om aan hulle hulp te verleen.

Die program maak voorsiening vir -

- * opvoedkundige-;
- * beroeps-; en
- * persoonstruktuurvoorligting.

3.3.4.2 Organisasie, beheer en kontrole

Die opvoedkundige leiding geskied op groeps- en individuele basis, terwyl tyd op die onderwyservoorligters se rooster afgestaan word vir individuele voorligting.

In die primêre skool word een halfuurperiode per week aan opvoedkundige leiding toegewys, dit wil sê oriëntering van die leerling met betrekking tot onderwyskeuses. In die sekondêre skool word een periode per week per klas van st 6 tot st 10 op die skoolrooster vir groepvoorligting (beroepsleiding) afgesonder.

Opvoedkundige leiding aan skole ressorteer onder die leiding van die departementshoof opvoedkundige leiding wat verantwoordelik is vir die Opvoedkundige leidingprogram. Elke sekondêre skool moet minstens een onderwyser-voorligter uitsluitlik vir beroepsleiding aanstel. Die onderwyservoorligter moet gereeld verslag van afgehandelde werk lewer en sorg dat leerlinge 'n werkslêer aanlê en self inligting hierin versamel. Besoeke aan

werkgewende organisasies kan op uitnodiging onderneem en ook deur middel van die Skoolreisdiens gereël word. Die onderwyservoorligter kan loopbaanuitstallings reël.

Die onderwyservoorligter moet die leerling op individuele basis en in groepverband lei tot 'n sinvolle onderwys- en beroepskeuse. Die uitkenning en verwysing van leerlinge met ernstige probleme na die Opvoedkundige Hulpdiens vorm deel van die onderwyservoorligter se pligte.

3.4 UITEENSETTING VAN BESTAANDE PROVINSIALE BEROEPSLEIDINGPROGRAMME IN DIE RSA

3.4.1 Algemene opmerkings

Kritiek uit baie oorde soos onder andere die naskoolse opleidingsinstansies, nywerheidsopleidingsrade, werkgevers, ensovoorts word teenoor die skool se beroepsleidingprogram gelug.

Hoewel miskien geregverdig, bring negatiewe kritiek die totale opvoedkundige leidingprogram en spesifiek die beroepsleidingprogram onder verdenking, wat dan 'n gevoel van onsekerheid laat by diegene wat by die program betrokke is (Lamprecht, 1989:503).

Volgens die Nasionale Mannekragskommissie se verslag "Beroepsvoorligting en -leiding in die RSA" (NMK, 1988:54 e.v.) het die onderwysdepartemente aandag gegee aan die implikasies van die nuwe onderwysbedeling met betrekking tot opvoedkundige leiding. Voorts is die nodige strukture vir doelmatige skoolvoorligtingsdienste daargestel om uitvoering te gee aan die aanbevelings van die RGN-onderzoek na Onderwysvoorsiening in die RSA (1981). Dit blyk dat daar ook aandag gegee is aan -

- * "gespesialiseerde formele 'en indiensopleiding van voorligtingonderwysers"¹⁾;
- * die instelling van spesialiseringkursusse in skool-voorligting;
- * die hersiening van betrokke sillabusse;
- * die keuring van voorligtingonderwysers;
- * die uitbouing van fisiese geriewe vir die aanbieding van skoolvoorligting²⁾;
- * die infasering van formele voorligtingsprogramme in die primêre skoolfasies;
- * die verbetering van die loopbaangeleenthede vir voorligtingpersoneel;
- * die doeltreffende aanwending van beroepsinligting; en
- * navorsing oor die benutting van rekenaartegnologie in die voorligtingsprogramme." (NMK, 1988:54).

Hierdie verslag van die Nasionale Mannekragskommissie, Verslag RP 94/1988 (NMK, 1988:55), het nie die doeltreffendheid van die beroepsvoorligtingskomponente wat die onderwysdepartemente aanbied ondersoek nie, maar bevraagteken dit tog deur die volgende menings van voorligtingsfunksionarisse met betrekking tot skoolverlaters te stel:

"(a) Skoolverlaters beskik nie oor voldoende besluitnemingsvaardighede met betrekking tot kursus-, vak- en beroepskeuses nie.

-
- 1) Skrywer beskou die benaming van die NMK as sinoniem van die onderwyservoorligters.
 - 2) Skrywer verkies om die term opvoedkundige leiding vir skoolvoorligting te gebruik.

- (b) Skoolverlaters toon 'n gebrek aan kennis oor toelatingsvereistes ten opsigte van kursusse en beroepe.
- (c) Skoolverlaters het slegs 'n oppervlakkige kennis van beperkte aantal populêre beroepsrigtings." (NMK, 1988:55)

Enkele probleme wat in verband met die skoolvoorligtingstelsel deur ander betrokkenes op die terrein ondervind word, word ook gestel, onder andere:

- * weinig, indien enige, skakeling van voorligtingfunksionarisse, onderwysers ingesluit, in die onderwyssektor met die beroepsgemeenskap;
- * onbevredigende reaksie van die onderwysgemeenskap op die beroepsvoorligtingsaksies van instellings buite die onderwys, potensiële werkgewers en werkgewerorganisasies;
- * dit is nie duidelik of skoolverlaters op alle vlakke oor voldoende beroepsinligting beskik vir sinvolle beroepskeuses nie; en
- * daar is 'n behoefte aan 'n algemene skoolvoorligtingstrategie wat deur die onderwysdepartemente daargestel behoort te word ten einde 'n doeltreffende voorligtingsdiens te kan aanbied (NMK, 1988:55; vgl. ook Maree, 1984:9-10).

Alhoewel die benaderingswyse mag verskil, word beroepsleiding by alle sekondêre skole in die land aangebied. Soos reeds blyk uit die bespreking in par. 3.3, is dit 'n integrerende deel van die gedifferensieerde onderwysstelsel binne die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente waar die kind as totale wese begelei word - ook met betrekking tot sy vak-, kursus-, studierigting-, en beroepskeuse. Hieruit het ook geblyk:

- * Beroepsleiding word as 'n afsonderlike sekondêre "skoolvak" met 'n eie periodetoekenning op die skoolrooster, in al vier die provinsiale onderwysdepartemente aangebied.
- * In die primêre skool word dit as faset van Opvoedkundige Leiding aangebied waar voorsiening gemaak word vir vakkeusebegeleiding, beperkte beroepsinligting en psigometriese groeptoetsing.
- * Die primêre oogmerk is die insameling van toepaslike inligting rakende beroeps- en studiemoontlikhede, asook die verkenning van 'n eie persoonsmoontlikheid en die begeleiding van elke kind tot 'n verantwoordbare vak-, studierigting- en eindelik 'n beroepskeuse.
- * Beroepsleiding aan primêre en sekondêre skole word in groeps- en individuele verband aangebied met die klem op die verskillende keuse-momente, naamlik skoolkeuses (st 5); vak-, kursus- en studierigtingkeuses (st 7); en beroepskeuses (skoolverlaters en st 10).
- * Met betrekking tot algemene voorligting val die klem op opvoedkundige, sosiale en emosionele behoeftes van die kind, terwyl die klem in beroepsleiding val op die vak- en beroepskeuse in die begeleiding van die kind tot volwassenheid.

Volgens die Nasionale Mannekragkommissie verslag, RP94/1988 blyk die grootste probleme ten opsigte van personeel toewysing en -benutting onder andere -

- * die tekort aan toepaslik opgeleide personeel;
- * die behoud van personeel in voorligtingsposte;

- * die bedryf van die voorligtingstelsel; en
- * die skakeling en koördinering van dienste,

terwyl minder aandag aan opvoedkundige leiding as vak in vergelyking met ander skoolvakke gegee word. Omdat daar nie 'n afsonderlike pos vir die onderwyservoorligter in die primêre skool bestaan nie, is die gevolg dat opvoedkundige leiding nie veel aandag op die primêre skoolvlak kry nie (Van Heerden, 1983: xviii).

In aansluiting by die opmerkings met betrekking tot die persepsies in die voorligtingsveld oor die feit dat opvoedkundige leiding in die algemeen afgeskeep en/of verwaarloos word, sal tydens hierdie ondersoek onder meer gepoog word om te bepaal of hierdie aantygings geregverdig is al dan nie. Ten einde enige rede tot negatiewe kritiek te "snoer", behoort die onderwysdepartemente op 'n deurlopende basis aandag te skenk aan benutting en bekendstelling van bestaande, asook nuwe hulpmiddele in die onderrigprogram soos die rekenaar, die radio, die televisie en videobande. Dit verg ook dat intensiewe aandag aan die benutting van onderwysfasiliteite geskenk moet word tesame met die kurrikulering en herkurrikulering van programme en sillabusse om optimaal aan die behoeftes van die beroepswêreld en aan dié van die breëre samelewing te voldoen. Hiervoor is nodig dat die onderwys na maniere sal moet soek om die leerling toe te rus om doeltreffend te kan kommunikeer en hom te betrek by ekonomiese aktiwiteite (Van der Merwe, 1989:31).

Maree (1984:10 e.v.) is van mening dat daar min sprake van verantwoorde skoolvoorligting is. Volgens hom gee dit aanleiding daartoe dat leerlinge onverantwoorde vak-, skool-, en beroepskeuses maak: "Alleen deur verantwoorde skoolvoorligting aan leerlinge, kan hierdie besondere leemtes as knelpunte opgehef word."

Van der Merwe (1989:9 e.v.) stel dat die onderwys in Suid-Afrika 'n rol moet speel in die oplossing van die land se mannekragbehoefte. Hy stel dat die huidige akademiesgerigte oriëntasie van die onderwys nie voldoen aan die eise wat 'n groeiende ekonomie stel nie en wys daarop dat net 40% van die leerlinge in 'n akademies gerigte kursus behoort te wees. Die mannekragtekorte begin juis by die verkeerde/gebreekte vak- en/of beroepskeuse in die sekondêre skool. Die onderwys behoort wel meer aandag te skenk aan die stimulering van die begaafde leerling spesifiek. Hierdie en ander sake noop dus dat daar gelet moet word na die beroepsleidingprogram soos dit in die skool daar uitsien. Gesien in die lig van die rol wat die onderwys kan speel in beroepsleiding, behoort daar baie meer intensiewe aandag gegee te word aan -

- * beroepsvoorligtingsdienste;
- * die opleiding van onderwyservoorligters;
- * onderwysinstellings wat oor voldoende poste vir onderwyservoorligters beskik;
- * optimale verspeiding van beroepsinligting; en
- * die feit dat beroepsleiding as vak, op skool hoër status behoort te geniet.

3.4.2 Die sekondêre skool se beroepsleidingprogram

In die lig daarvan dat hierdie ondersoek toegespits is op die beroepsleidingprogram in die sekondêre skool van die Transvaalse Onderwysdepartement, word die program in sy geheel bespreek. Daar word kursories verwys na die bepaalde temas, soos wat dit in die program vervat is.

Beroepsleiding word soos enige ander skoolvak formeel in die sekondêre skool geïmplementeer, terwyl daar een lesuurperiode per week per klas vanaf st 6 tot st 10 op die skoolrooster voorsien word vir groeppoorligting. Aan die onderwyservoorligter word 'n halfuurperiode op die skoolrooster vir elke 100 leerlinge of gedeelte daarvan toege-

laat vir individuele onderhoudvoering of hulpverlening aan leerlinge en/of hul ouers. Die TOD bepaal voorts dat op gegewe tye die onderwyservoorligter beskikbaar moet wees vir onderhoude na skoolure (TOD, s.a.(a):2).

Binne die beroepsleidingprogram in die sekondêre skool moet die jeugdige nie net onderwyskeuses nie, maar ook 'n bepaalde beroepskeuse maak.

3.5 DIE BEROEPSLEIDINGPROGRAM IN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

Elke standaard in die sekondêre skool se programinhoud wat vervolgens bespreek word, is verkry uit TOD, s.a.(a):1-45.

3.5.1 Die doel van beroepsleiding volgens die Transvaalse Onderwysdepartement

(1) As komponent van die breë opvoedkundige leidingprogram is die doel van beroepsleiding om elke leerling individueel en in groepsverband te lei tot 'n sinvolle onderwys- en beroepskeuse. In dié sin word elke leerling gehelp en begelei tot -

- * selfverkenning en selfkennis;
- * kennis van gedifferensieerde onderwys- en beroepsgeleenthede;
- * positiewe arbeids- en beroepsgesindheid; en
- * optimale realisering van sy eie potensiaal (TOD, s.a.(a):1).

(2) Om die kind op te voed tot beroepsvolwassenheid ten einde in die beroepslewe sy beroep tot voordeel van homself, sy medemens en tot eer van sy Skepper te kan beoefen (TOD, s.a.(a):1).

3.5.2 Beroepsleiding - 'n opvoedingsaangeleentheid

- (1) As opvoedingsaangeleentheid is beroepsleiding tege-lykertyd beroepsopvoeding.
- (2) Dit is 'n deurlopende vervlegde proses in die kind se skoolloopbaan wat finale beslag aan die einde van sy skoolloopbaan kry (TOD, s.a.(a):1-2).

3.5.3 Riglyne vir implementering van beroepsleiding volgens Transvaalse Onderwysdepartement

3.5.3.1 **Personeel betrokke by beroepsvoorligting**

Volgens die TOD is 'n doeltreffende beroepsleidingprogram 'n integrale deel van die skool se opvoedkundige en onderwysaktiwiteite wat die skool se onderwyspersoneel in 'n mindere of meerdere mate betrek by die beroepsleidingprogram (TOD, s.a.(a):2).

(1) Die skoolhoof

Hy is oorhoofs verantwoordelik vir die beroepsleidingprogram wat impliseer dat hy -

- * persoonlike belangstelling toon om 'n gesonde beroepsleidingklimaat te skep;
- * almal wat belang het daarby aanmoedig tot samewerking en betrokkenheid;
- * toepaslik gekwalifiseerde personeel vir die vak aanwend; en
- * hom beywer om die nodige beroepsvoorligtingsfasiliteite in sy skool daar te stel (TOD, s.a.(a):2-3).

(2) Die onderwyservoorligter

As onderwyser is hy verantwoordelik vir die praktiese implementering van die beroepsleidingprogram. Dit impliseer onder andere dat hy -

- * die leerling in groepverband onderrig;
- * individuele onderhoude met die leerling en/of sy ouers en ander persone betrokke voer;
- * verantwoordelik is vir die organisering van die voorgeskrewe fasiliteite vir beroepsleiding; en
- * in samewerking met die Departementshoof Opvoedkundige Leiding skakel die onderwyservoorligter met werkgewende en opleidingsinstansies (TOD, s.a.(a):3).

(3) Die voogonderwyser

- * Hy is verantwoordelik vir die versameling en ordening van inligting in 'n vooglêer oor elkeen van die leerlinge in sy vooggroep - dit is op sigself 'n belangrike hulpmiddel in die bemoeienis met die leerling;
- * ontwikkel 'n besondere ken- en vertrouensverhouding met die leerling, wat die voogonderwyser in staat stel om op informele wyse hulp en raad te verleen; en
- * indien nodig, verwys hy leerlinge met probleme na die onderwyservoorligter (TOD, s.a.(a):3).

(4) Die vakonderwyser

Hy kan 'n belangrike bydrae tot beroepsvoorligting lewer deur -

- * geleenthede te skep vir bespreking en deur die verskaffing van inligting oor beroepe wat met sy bepaalde vak verband hou;
- * sy vak se kulturele en ekonomiese waarde te beklemtoon;
- * toepaslike studiemetodes en -tegnieke met betrekking tot sy bepaalde vak aan die leerlinge voor te hou, sodat elke leerling volgens sy vermoë presteer terwyl onderpresteerders na die onderwyservoorligter verwys word (TOD, s.a.(a):3-4).

3.5.3.2 Fisiese fasiliteite

TOD-beleid bepaal dat 'n doelmatige lokaal in elke sekondêre skool as beroepsvoorligtingslokaal of voorligtingsentrum beskikbaar gestel moet word ten einde voorsiening te maak vir die besondere behoeftes van die vak. Daar behoort voorsiening gemaak te word vir 'n doelmatige beroepsbiblioteek en die gebruik van audio-visuele hulpmiddele. 'n Stoorkamer, wat as onderhoudslokaal ingerig kan word, met toesluitfasiliteite is nodig vir die berging van vertroulike besonderhede van leerlinge. Die TOD verskaf verdere inligting met betrekking tot die toerusting van die lokaal met ameublement en toerusting wat wenslik geag word soos stoele, tafels, 8-laai kataloguskabinette, 'n tru-projektor, 'n skyfieprojektor, 'n klankkassetbandmasjien, oorfone, ringbinderlêers na behoefte, kantooradministrasie toerusting en so meer. Riglyne met betrekking

tot toereikende funksionele en resente inligting oor opleidings- en beroepsgeleenthede word ook deur die TOD gegee (TOD, s.a.(a):4-8).

3.5.3.3 Klaskamerorganisasie

Riglyne word deur die TOD gegee ten opsigte van die rangskikking van die ameublement met die oog op die eie aard en metodologiese aspekte van beroepsleiding. So word aan die hand gedoen dat klaskamerbesture vir elke klasgroep in die skool gekies word wat verantwoordelikheid kan aanvaar vir onder andere die inneem en uitdeel van beroepsvoorligtinglêers en die hantering van die inligtingstelsel (TOD, s.a.(a):8).

3.5.3.4 Metodologiese aspekte

Onder groepvoorligting (TOD, s.a.(a):8-9) word verstaan dat temas deur middel van die lesing-/vertelmetode, groepbespreking en groepverkenning aangebied word. Die temas met feitlikhede kan afwisselend met die vraag- en antwoordmetode of deur middel van die lesing-/vertel-metode behandel word. Die gebruik van die groepbespreking is volgens die TOD by uitstek beskik om beroeps-leiding aan te bied deurdat -

- * deeglike voorbereiding van sowel onderwyser as die groep leerlinge met betrekking tot die bepaalde tema onder bespreking vereis word;
- * die onderwyservoorligter die tema inlei;
- * die vrae gestel deur die onderwyservoorligter, optimale deelname van die groep kan bewerkstellig;
- * die groepleier/-lid terugrapporteer;

- * hoofgedagtes skriftelik saamgevat en aangeteken word.

Groepverkenning word opgevolg deur selfverkenning, maar dit gaan om die begeleiding van die leerling in groepverband om tot eie selfbegryping en tot begryping van die eie beroeps- en ander moontlikhede te kom. Dit kan alleen geskied deur middel van selfevalueringsvraelyste en beroepstudievraelyste waar die onderwyser-voorligter dit vir die leerling interpreteer (TOD, s.a.(a):9).

Individuele voorligting (TOD, s.a.(a):9-10) vloei voort uit, en is in samehang met groeppoorligting. Daar moet met elke individuele leerling en indien nodig, met sy ouers oorleg gepleeg word oor die jeugdige se onderwys- en beroepskeuses. Alle toepaslike inligting soos vervat in byvoorbeeld die vooglêer, beroepsleidinglêer, kumulatiewe verslagkaart, mediese kaart en TOD 78-vraelys behoort in die persoonlike onderhoud rakende die jeugdige se beroepstoeikoms verreken te word. Dit spreek vanself dat sodanige persoonlike beroepsonderhoude sorgvuldige beplanning en deeglike voorbereiding van die onderwyservoorligter verg. Sou die leerling steeds nie tot 'n verantwoorde onderwys- en beroepskeuse kom nie, is dit nodig om sodanige leerling na die Opvoedkundige Hulpdiens vir gespesialiseerde hulpverlening te verwys. Dit is verder nodig dat die voogprogram 'n integrale deel van die beroepsleidingprogram vorm en konsekwent implementeer word. Al die leerlinge behoort aktief by die beroepsleidingprogram betrokke te wees deur byvoorbeeld:

- * aktiewe deelname aan groepbesprekings;
- * gerigte beroepstudies in groepverband;

- * sinvolle voltooiing van selfevalueringskale;
- * gereelde en georganiseerde besoeke aan loopbaanuitstallings, werkgewende en opleidingsinstansies; en
- * versameling en ordening van beroepsinligting ten einde die individuele leerling se beroepsbelangstelling en sy beroepskennis uit te brei.

Elke individuele leerling vanaf st 6 tot by skoolverlating, behoort 'n eie kumulatiewe beroepsvoorligtinglêer te hê waarin hy alle inligting met betrekking tot self- en beroepsverkenning versamel en op datum hou. Dit word deur sowel die leerling as die onderwyservoorligter gekontroleer om met die oog op persoonlike onderhoudvoering moontlike probleme te identifiseer. Dit spreek vanself dat sodanige lêer sinvolle inligting vir die leerling moet bevat en veilig bewaar moet word (TOD, s.a.(a):11).

3.5.3.5 Inhoud van die beroepsleidingprogram

Elke onderwyservoorligter moet nie slegs in besit van 'n volledige beroepsvoorligtingsprogram wees nie, maar moet 'n deeglike studie daarvan maak ten einde die leerling vanaf st 6 tot en met skoolverlating te begelei tot beroepsvolwassenheid. Dit behels die volgende:

- * begeleiding tot selfverkenning en selfkennis;
- * begeleiding tot verkenning van die eie en beroepsgeleenthede;
- * die skep en inskerping van 'n positiewe arbeids- en beroepsingesteldheid;

- * begeleiding tot 'n sinvolle onderwys- en beroeps-keuse; en
- * begeleiding tot realisering van die leerling se totale moontlikhede (TOD, s.a.(a):11).

3.5.3,6 Die werkskema (TOD, s.a.(a):12-13)

Die werkskema is 'n werksplan wat volgens riglyne van die TOD opgestel word en dien as langtermynbeplanning in ooreenstemming met die jaarprogram en keusemomente in die onderskeie standers.

- * St 6. Spesiale aandag moet gewy word aan die inskaking en die oriëntering van die st 6-leerling met betrekking tot sy skoolkeuse, vakkeuse en vakprestasies.
- * St 7. Gedurende die derde kwartaal word die finale vakversameling, vakvlakke en studierigtingkeuse gemaak. Volgens die TOD-riglyne moet individuele onderhoude met st 7-leerlinge gevoer word om verantwoordbare keuses te verseker, terwyl probleemgevalle na die Opvoedkundige Hulpdiens verwys moet word vir verdere hantering.
- * St 8. Opvolgwerk met betrekking tot die st 7-keuses, asook voorbereidingswerk met betrekking tot naskoolse opleiding en verbandhoudende beroepe, verdien aandag in st 8.
- * St 9. Verpligte individuele onderhoude moet in die laaste kwartaal met elke st 9-leerling gevoer word. Dit geskied aan die hand van beroeps- en naskoolse opleidingkeuses, soos weerspieël in die TOD-78-vraelys, wat deur die leerling voltooi is.

- * Vroeë skoolverlaters. Verpligte individuele onderhoude in verband met finale beroepskeuses moet met elke vroeë skoolverlater gevoer word.
- * St 10. Gedurende die eerste en tweede kwartaal moet die onderwyservoorligter aandag gee aan -
 - ** seuns wat militêre diensplig gaan doen;
 - ** onderwyskandidate;
 - ** toelatingsaansoeke deur leerlinge met die oog op tersiêre opleiding;
 - ** beurs- en leningaansoeke vir voornemende studente; en
 - ** skolastiese prestasies van die leerlinge wat met hulle bepaalde keuses behoort te korreleer.

3.5.3.7 Voorbereiding en verslag

Ten einde effektiewe beroepsleiding te kan doen, verwag die TOD deeglike voorbereiding, volgehoue literatuurversameling en studie as voorvereiste vir die suksesvolle aanbieding van beroepsleiding. Verslaghouding met betrekking tot individuele onderhoude is van groot belang soos duidelik blyk uit die TOD se voorskrifte, naamlik:

- * verslag van keuse-onderhoude word in die leerling se beroepslêer aangeteken;
- * ander onderhoude, ook dié van vertroulike aard, word op die leerling se vooglêer aangebring; en

- * 'n gedateerde naamlys van leerlinge met wie onderhoude gevoer is, sowel as die aard van die onderhoude moet bygehou word (TOD, s.a.(a):13-14).

3.5.3.8 Vakvergaderings

Genotuleerde vakvergaderings moet gereeld gehou word waar effektiewe implementering van die voorligtingsprogram, organisatoriese aangeleenthede, metodiek, hulpmiddele en tegnieke, asook die hantering van relevante probleme bespreek word (TOD, s.a.(a):14).

3.5.3.9 Vakilêr (TOD, s.a.(a):14)

Die TOD vereis dat die volgende in die vaklêer ter insae moet wees, naamlik die vakbeleid, sillabus, werk-skema en jaarprogram, verslag van afgehandelde groep-en individuele werk, asook notules van vakvergaderings.

3.5.3.10 Ouerbetrokkenheid

Waar nie al die ouers die geleentheid benut óf nie oor die kundigheid beskik om as primêre opvoeder hulle kind te begelei nie, speel die skool die belangrike rol om die ouers te betrek by die voorligtingsgebeure deur hulle in te lig en voor te lig met betrekking tot hul kind se toekoms. Ouers kan volgens die TOD-riglyne verder agtergrondgegevens verskaf ten einde 'n meer doeltreffende beroepsleidingprogram aan die leerling te bied (TOD, s.a.(a):14-15).

3.5.4 Skakeling as faset van beroepsleiding

Die TOD stel dit dat doeltreffende implementering van beroepsvoorligting gereelde skakeling met die Opvoedkundige Hulpdiens, werkgewende instansies, ouers en andere vereis. Onder leiding van die skoolhoof is die onderwyser-

voorligter, in samewerking met die Departementshoof Opvoedkundige Leiding, verantwoordelik vir hierdie skakeling (TOD, s.a.(a):15-16).

3.5.5 Inhoud van die TOD se beroepsleidingprogram

3.5.5.1 Algemene oriëntering

In die algemene oriëntering stel die TOD, (s.a.(a):18-19) dit dat die leerling die volgende moet begryp:

- * "Arbeid en beroepskeuse is sake van erns ... Elke persoon is lank voor hy 'n beroep kies, reeds in 'n arbeidsituasie, veral tuis en op skool. Niemand mag van arbeid vrygespreek word nie, al is sy vermoëns ook hoe gering.
- * Suksesvolle arbeid word grootliks deur 'n persoon se arbeidsgesindheid medebepaal. 'n Positiewe of negatiewe arbeidsgesindheid word vroeg reeds verwerf, naamlik tuis en op skool, in sport, ens. Daarom is beroeps- of arbeidsopvoeding van wesenlike belang.
- * Beroepskeuse behoort gedoen te word in die lig van sekere waardes en norme en as sodanig moet elke beroep wat gekies word as 'n roeping beskou word.
- * Beroepskeuse en sinvolle arbeid is nie moontlik sonder die aanvaarding van die gesag van God en dié van ouers, onderwysers, dosente en werkgewers nie.
- * Beroepskeuse en beroepsbeoefening in die huidige eeu is hoogs gedifferensieerd en maak dus deskundige begeleiding noodsaaklik. Die leerling moet dus enerzyds bereid wees om hom te laat begelei, maar anderzyds moet hy ook tot selforiëntering oorgaan.

- * Onbetroubare beïnvloeding deur nie-deskundige persone soos onder meer maats, gesins- of familieleden, bure, kennisse, werkgewers en ander lei tot onbetroubare beroepskeuse.
- * Beroepskeuse hou verband met die soort skool, studierigting en vakke en die punte wat in die onderskeie vakke behaal word, asook met die naskoolse opleiding. Daar moet aan sekere toelatingsvereistes voldoen word.
- * Elke persoon moet sy eie geskikthede ken en ook meet hoe goed of swak hy die geskikthede kan verwerklik, dit wil sê wat sy werklike vermoëns is, alvorens hy 'n beroep kan kies.
- * Elke persoon moet die beroepsgeleenthede wat binne sy vermoëns val, ken, alvorens hy 'n beroep kan kies. 'n Beroepskeuse wat buite 'n persoon se vermoëns is, skep ernstige probleme.
- * Die geleenthede ter beskikking in die lewe wat as voorbereiding tot arbeid en keuse dien, dit wil sê in die gesin, skool, kerk, beroepslewe, ens, moet benut word.
- * Daar moet in 'n beroepskeuse rekening gehou word met die sosio-ekonomiese peil van die gesin, asook met die arbeidstradisies en waardes wat die gesin huldig. Hoewel die eise en begeertes van ouers in die beroepskeuse van hul kinders in ag geneem moet word, mag dit nie die kind se keuse oorheers nie.

In beroepskeuse moet veral ook rekening gehou word met beroepstendense in die land, dit wil sê die soort werk wat die grootste behoefte aan werknemers het.

Wanneer 'n persoon probleme het wat hy nie kan oorwin nie, moet hy om hulp vra by persone wat hom kan help. Hoe beter 'n persoon sy probleme kan oorwin, des te beter sal hy vorder. Dan sal sy beroepskeuse betroubaar wees." (TOD, s.a.(a):18-19).

3.5.5.2 Inhoud van die st 6-program

(1) Doel

- * Die st 6-leerling moet begelei word tot 'n breë perspektief oor die geleenthede wat die gesin en die skool bied om sy moontlikhede te ontdek, dit te kan benut, asook hoe die geleenthede sy toekomsrealisering in die algemeen en sy beroepskeuse in die besonder raak (TOD, s.a.(a):20).
- * Die beroepsleidingprogram moet begeleiding tot beroepsvolwassenheid, waar die beroepsbeoefenaar tegelykertyd beroepsmens, kerkmens, kultuurmens, gesinsmens en ook sport- en ontspanningsmens kan wees, nastreef (TOD, s.a.(a):21).
- * In die verkenning van eie moontlikhede moet die leerling begelei word om sy gawes en talente op elke terrein en veral ook in studie, te verken (TOD, s.a.(a):21).
- * Sinvolle selfrealisering is alleen moontlik in die lig van sekere waardes. 'n Positiewe arbeidsgesindheid moet gevestig word en derhalwe moet in die st 6-jaar verder daaraan gebou word (TOD, s.a.(a):21).

- * Reeds in st 6 moet die jeugdige gelei word om die verband tussen sy studieniveau en sy beroepsniveau raak te sien.
- * Toereikende inskakeling by die sekondêre skoolpatroon bevorder self-realisering en daarom moet aandag gegee word aan temas wat dit bevorder (TOD, s.a.(a):21).

(2) St 6-temas

Die volgende hooftemas behoort volgens die TOD-syllabus met die leerling in st 6 behandel te word (TOD, s.a.(a):22-26).

(a) Die beroepsvoorligtingperiode

- * eie aard en andersheid van beroepsvoorligting;
- * leerlingbegeleiding tot selforiëntering;
- * doel van individuele onderhoude; en
- * die beroepsvoorligtinglêer.

(b) Oriëntering

- * outobiografie van elke leerling; en
- * die verskil: primêre en sekondêre skoolopset.

(c) Sport- en Ontspanningsgeleenthede

- * balans tussen sport, ontspanning en skoolwerk;
- * sportgeleenthede vir die individu binne en buite skoolverband;

- * sportdeelname;
- * verhoudinge in sport as voorbereiding vir gesonde mense- en arbeidsverhoudinge; en
- * die nadele van sportoordrywing met betrekking tot studie- en skolastiese prestasie.

(d) Leerlingrade en jeugverenigings

- * die rol en funksie van leerlingrade en jeugverenigings; en
- * verkenning van jeugverenigings en deelname daaraan.

(e) Studie

- * die waarde van studie;
- * konsentrasie tydens studie; en
- * studiemetodes.

(f) Selforiëntering ten aansien van eie geskikthede en beperkinge

- * akademiese prestasievermoë;
- * liggaamlike gesteldheid en gesondheid; en
- * menseverhoudings en medemenslikheidsgevoel.

(g) Opvoedkundige en persoonlike probleme as beperkende faktore vir studierigting-, vak- en beroepskeuse behels

- * alledaagse probleme;
- * denkkeeldige en werklike probleme;
- * oorwinning van probleme vorm 'n mens; en
- * die wyses waarop probleme opgelos kan word.

(h) Beroepsgeleenthede

- * groepering van beroepe volgens studievlak;
en
- * interafhanklikheid van beroepe.

(i) Beroepsverkenning

- * beskikbaarheid van beroepsinligting;
- * raamwerk vir beroepstudies; en
- * beroepstudies - die verband tussen skolas-
tiese vlak en beroepsvlak.

(j) Waarom mense werk

- * arbeid as menslike bestaanswyse;
- * arbeidsgesindheid en arbeidsverhoudinge;
- * betekenis van begrippe soos arbeidsgesind-
heid, -verhoudinge, sinvolle arbeid, ver-
antwoordelikeheidsin;
- * verskillende arbeidseleenthede;
- * noodsaaklikheid van gesonde arbeidsverhou-
dinge met ouers, onderwysers, maats,
bediendes, ens.
- * Bybelse gefundeerdheid van arbeid
arbeidsgesindheid; en
- * nadelige invloed van ledigheid, luiheid,
nie-betrokkenheid in arbeid en studie.

3.5.5.3 Inhoud van die st 7-program

(1) Doel

Om elke leerling binne sy realiseringsvermoë te begelei tot die finale studierigting- en vakkeuse as voorbereiding tot sy latere beroepskeuse en beroepsbeoefening.

Volgens die TOD is in st 5 "algemene kennis geneem van bestaande gedifferensieerde sekondêre skole, studierigtings en vakke waaruit daar met inagneming van die eie vermoëns gekies moet word. In standaard 7 moet hierdie algemene kennis tot grondiger kennis verdiep." (TOD, s.a.(a):27). Die inhoud moet klem lê op:

- * die eie gesteldheid en gesindhede;
- * studierigtings, vakke en vakvlakke waaruit keuses gedoen moet word;
- * toegang wat sekondêre skoolvakke tot naskoolse opleiding bied; en
- * die leerling se eie geskikthede.

(2) St 7-temas (TOD, sa(a):27-31)

(a) Taak en verantwoordelikheid van die st 7-leerling

- * die belangrikheid van st 7-vakkeuse;
- * slaagvereistes en die rol van jaarpunte; en
- * oorsakelingsmoontlikhede en st 7-vakvlakke.

(b) Studie

- * houding en gesindheid jeens skoolwerk;
- * studiebeplanning;
- * studiemetodes; en
- * hersieningsmetodes.

(c) Keuse-uitoefening

- * elke mens moet selfstandige keuses maak;
- * keuses moet verantwoordbaar wees;

- * elke mens is verantwoordelik vir sy keuses;
- * persoonlike probleme as beperking by keuse-uitoefening; en
- * besluitneming.

(d) Studiegeleenthede aan die sekondêre skool

- * studierigtings in die senior sekondêre fase;
- * studievlakke (HG; SG; LG)¹⁾; en
- * vak- en prestasievereistes vir toelating tot bestaande studierigtings en -niveau's.

(e) Naskoolse opleiding en studie

- * noodsaaklikheid van verdere opleiding;
- * naskoolse opleiding op sekondêre vlak;
- * beroepsgerigte opleiding;
- * naskoolse opleiding op tersiêre vlak; en
- * toelatingsvereistes vir die onderskeie opleidingsinstansies.

(f) Beroepsvelde en verwante studierigtings

- * mens-georiënteerde beroepsvelde wat taalvaardighede vereis;
- * natuurwetenskaplike beroepsvelde;
- * biologies wetenskaplike beroepsvelde;
- * plante en diere met gepaardgaande beroepsvelde;
- * uitvoerende en beeldende kunste met gepaardgaande beroepsvelde;
- * syfer- en handelsvakke met gepaardgaande beroepsvelde;
- * tegniese beroepsvelde; en

1) HG; SG; LG - Hoërgraad; Standaardgraad; Laergraad

- * huishoudkundige en dieetkundige beroepsvelde.
- (g) Die verband: persoonsgeskikthede en beroepsvelde
- * gesondheid en liggaamlike geskiktheid;
 - * verstandelike geskiktheid;
 - * sosiale geskiktheid;
 - * geestelike geskiktheid; en
 - * belangstellingsgeskiktheid.
- (h) Selforiëntering ten aansien van realiseringsvlak van die eie geskikthede
- (i) Loopbaanverkenning
- * beskikbaarheid van beroepsinligting;
 - * beroepsvereistes deur loopbaanverkenning; en
 - * elementêre verkenning deur individuele leerlinge van minstens 2 beroepe uit beroepsvelde volgens eie belangstelling.
- (j) Vakversameling- en studierigtingkeuse as aanloop tot beroepskeuse
- * verifiërende onderhoude; en
 - * skakeling met onderwysshulpdienste.
- (k) Skoolverlaters
- * beroepsterminologie;
 - * aansoek om werk;
 - * werkverskaffingsburo's;
 - * nywerheidswetgewing en vakleerlingskap;
 - * individuele onderhoude met skoolverlaters; en
 - * verdere opleidingsinstansies.

3.5.5.4 Inhoud van die st 8-program

(1) Doel

"Die begeleiding van elke leerling om die vakke wat hy aan die einde van st 7 gekies het, op die hoogste moontlike niveau te slaag aangesien dit sy uiteindelijke beroepskeuse medebepaal." (TOD, s.a. (a):32).

(2) St 8-temas (TOD, s.a.(a):32-35)

(a) Die belangrikheid van die st 8-jaar

- * sinvolheid van die st 8-jaar;
- * slaagvereistes en rol van die jaarpunt;
- * (indien nodig) wysiging van die st 7-keuses;
- * betekenis van die st 8-vakprestasies; en
- * motivering tot hoogs moontlike skoolastiese peil.

(b) Studiegewoontes en -houding as vereiste vir sukses

- * evaluering van eie studiemetodes en -gewoontes;
- * hulpverlening in groep- en individuele verband;
- * waarde van doeltreffende opsommings; en
- * hersiening en die skriftelike eksamen.

(c) Beroepsmoontlikhede en die verskillende verbandhoudende studierigtings

(d) Beroepsverkenning

- * doelgerigte beroepsverkenning van spesifieke beroepe;
- * groepering van leerlinge volgens beroepsbelangstelling;
- * volledige beroepsverkenningsraamwerk; en
- * besoek werkgewende en opleidingsinstansies.

(e) Die persoon en beroepsbeoefening

- * deugde en die verband wat dit met beroepsbeoefening het;
- * selfevaluering ten opsigte van verskeie deugde aan die hand van self-evalueringsskale; en
- * getuigskrifte.

(f) Denke as voorvereiste tot prestasie

- * logiese redenering;
- * die belangrikheid van geheue;
- * konsentrasie; en
- * positiewe denke.

(g) Arbeidsgesindheid

- * die samehang tussen arbeidsgesindheid, prestasievermoë en beroepsbeoefening;
- * betroubaarheid en produktiwiteit; en
- * verantwoordelikheid.

(h) Arbeidsopvatting

- * Bybelse fundering van arbeid;

- * beroepskeuse-ontwerp in die lig van eie arbeidsopvatting; en
- * beroepskeuse en die eie geroepenheid.

(i) Beroepsverantwoordelikheid ten aansien van

- * die self;
- * die gesin;
- * die werkgewer en -nemer;
- * die gemeenskap;
- * die staat; en
- * God.

(j) Arbeidsverhoudinge

- * onderlinge verhoudinge in die arbeidsituasie;
- * erkenning van wedersydse menswaardigheid;
- * wetgewing en arbeidsverhoudinge; en
- * doel en funksie van vakbonde.

(k) Die arbeidsmark

- * arbeid - vraag en aanbod asook mannekrag-behoeftes.

(l) Departement van Mannekrag se werkverskaffingsburo.

(m) Aansoek om werk

- * skriftelik; en
- * persoonlike onderhoud.

(n) Opleidingsfasiliteite en studiemoontlikhede

- * voltydse, deeltydse, na-uurse en indiensopleiding;

- * die verband: meriete beurse en lenings en skolastiese prestasie;
- * militêre diensplig, verdere studie en beroepsbeoefening;
- * onderhoude met voornemende skoolverlaters (met behulp van TOD 78-vraelys); en
- * produktiwiteit en die nadelige invloed van rook-, alkohol- en dwelmmisbruik.

3.5.5.5 Inhoud van die st 9-program

(1) Doel

"Begeleiding van elke leerling om die beroepe wat binne sy afgebakende beroepsveld val, grondig te verken en daaruit 'n finale beroepskeuse te doen" (TOD s.a.(a):36). Voorts maak die TOD die opmerking dat in st 9, sommige van die leerlinge se beroepskeuseveld anders mag vertoon as gevolg van swakker of beter prestasie in die onderskeie vakke en dat beroepsverkenning in ooreenstemming daarmee gebring moet word en dat 'n grondige beroepskennis tuisgebring moet word. "Dit sou 'n onvergeeflike pligsversuim deur die voorligteronderwyser wees indien selfs een enkele leerling nie die sekerheid het oor wat hy na skoolverlating gaan doen nie", aldus die TOD (s.a.(a):36).

(2) St 9-temas (TOD, s.a.(a):36-40)

(a) Voortgesette beroepsverkenning

- * besoek en voer gesprek met werkgewers en opleidingsinstansies waar nodig en van toepassing; en
- * deurlopende verdere beroepsverkenning.

(b) Studie- en/of opleidingsgeleenthede na st 10

- * universiteit;
- * teknikons;
- * onderwys- en ander kolleges; en
- * ander instansies, institute en indiensopleiding.

(c) Finansiële hulpbronne

- * voorwaardes vir beurse en lenings.

(d) Keuse-selfstandigheid en -verantwoordelikheid.

(e) Onrealistiese motiewe by die keuse van 'n beroep

- * ouers tevrede stel;
- * materiële sekuriteit;
- * sosiale status;
- * kompensering vir persoonlike tekorte;
- * salaris; en
- * ontvlugting.

(f) Faktore wat 'n rol kan speel by die keuse van 'n beroep

- * persoonlike probleme;
- * familietradisie;
- * finansies;
- * militêre diensplig;
- * onderprestasie;
- * oorevaluering van die moontlikhede; en
- * negatiewe arbeidsingesteldheid.

(g) Belangstelling, aanleg en kreatiwiteit.

(h) Uitvoer en afronding van 'n finale beroepskeuse - 'n integrering van die self- en beroepsbeeld

- * selfbeeld;
- * beroepsbeeld; en
- * integrering van die self- en beroepsbeeld aan die hand van 'n integreringsvraelys.

(i) Invul en nasien van die TOD 78-vraelys

- * onderhoude en hulpverlening aan alle st 9-leerlinge met betrekking tot hul beroepskeuse;
- * verwysing van leerlinge met beroepskeuseprobleme na die Opvoedkundige Hulpdiens;

(j) Beroepsbeoefening

- * grondliggende vereistes vir suksesvolle studie en beroepsbeoefening; en
- * sin van beroepsbeoefening.

3.5.5.6 Inhoud van die st 10-program

(1) Doel

"Om elke leerling in groeps- en individuele verband te begelei tot selforiëntering ten opsigte van verdere studie, die beroepslewe in die algemeen en arbeid in die besonder." (TOD, s.a.(a):41).

Volgens die TOD, (s.a.(a):41) beteken toetrede tot die arbeidsituasie as verdere voorbereiding van die self, terwyl toetrede tot 'n beroep toetrede

tot 'n soort arbeid as dienslewering aan ander beteken. Daar moet gesoek word na sinvolle samehang tussen beroep, beroepslewe en verwante aangeleenthede.

(2) St 10-temas (TOD, s.a.(a):41-45)

(a) Finale beroepskeuse

- * voortgesette hulpverlening met betrekking tot finale beroepskeuse; en
- * verwysing van individuele leerlinge met beroepskeuseprobleme na die Opvoedkundige Hulpdiens voor die einde van die tweede kwartaal.

(b) Studie

- * slaagvereistes ten aansien van die onderskeie sertifikate;
- * motivering ten opsigte van verdere studie en/of opleiding; en
- * studietegnieke en hantering van eksamendruk.

(c) Aansoeke

- * om 'n betrekking;
- * universiteits-, technikon-, onderwysers- en ander kolleges, koshuisinwoning;
- * onderwyskandidate;
- * sluitingsdatums en keuring waar van toepassing; en
- * finansiële hulpbronne (beurse en lenings).

(d) Perspektief op die beroepslewe

- * betekenis van bevordering;

- * gevolg en die uitwerking van roetine;
- * frustrasie in die beroepslewe;
- * krisissituasies in die beroep;
- * produktiwiteit;
- * onderskeie beroepsgroepe se lidmaatskapverenigings; en
- * onderlinge arbeidsverhoudinge in die beroep.

(e) Die verhouding: beroeps- en gesinslewe

- * die betekenis van opvoeding in die verwerking van positiewe arbeidsgesindhede;
- * die beroepsvroue;
- * gevolg van 'n afwesige vader/moeder in die opvoeding van die kind;
- * die verband: beroepslewe - huweliksprobleme;
- * sosiale lewe van ouers binne 'n sosio-ekonomiese beroepsgroep; en
- * beroepstradisie in die gesin.

(f) Die verhouding: beroepslewe - die staat

- * arbeidswetgewing;
- * belasting op inkomste; en
- * militêre diensplig.

(g) Die invloed van kerklike instellings op die beroepslewe

- * die betekenis van godsdiens en geloof in arbeid;
- * lewensbeskouing bepaal arbeidsopvatting; en
- * Sondagarbeid.

(h) Welsyns- en mediese dienste

- * die betekenis van gesondheid in die beroepslewe;
- * mediese hulpskemas en die beroepslewe; en
- * donasies en bemarkings uit verdienstes.

(i) Die verhouding: ontspanning - beroepsbeoefening

- * handhawing van balans tussen arbeid- en ontspanning;
- * die doel met verlof;
- * ontspanningsmisdrywe (bv. rook- en alkoholmisbruik); en
- * verwaarlosing van eie beroep deur privaatondernemings en stokperdjies.

(j) Die beroepslewe en landseksonomie

- * arbeidstabiliteit en ekonomiese stabiliteit;
- * produktiwiteitsvlak en inflasie;
- * verdienstebesteding se invloed op die ekonomie; en
- * verdienstebelegging se invloed op die ekonomie.

(k) Kultuuridentiteit in die beroepslewe

- * taalidentiteit in die sakewêreld;
- * waardes, norme, maatstawwe en tradisies in die openbare sakelewe.

(l) Die betekenis van onderwys op die beroepslewe

- * studiegeleenthede;

- * opvoeding;
- * invloed van die sosiale lewe aan onderwys- en opleidingsinrigtings op die latere beroepslewe;
- * invloed van ontspanningstendense aan onderwysinrigtings op die latere beroepslewe; en
- * arbeidswaardes wat onderwysinrigtings vestig, dien as grondslag vir die beroepslewe.

(m) Arbeidsverhoudinge

- * arbeid in perspektief;
- * arbeid juridies benader;
- * arbeid ekonomies benader; en
- * arbeid polities benader.

(n) Arbeids- en lewensopvoeding se invloed op

- * sekularisme;
- * liberalisme;
- * humanisme;
- * kommunisme;
- * calvinisme; en
- * Christelike nasionalisme.

3.6 SAMEVATTING

Daar is in hierdie hoofstuk oorsigtelik op die beroepsleidingprogram in enkele oorsese lande gelet. Daar is ook stilgestaan by die opvoedkundige leidingproramme van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente binne die RSA. Verder is 'n kort uiteensetting van bestaande beroepsleidingprogramme van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente in die RSA gegee.

Ten einde 'n empiriese evaluering van die beroepsleiding-program in sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartemente te kan maak, is die inhoud van die Transvaalse Onderwysdepartement se beroepsleidingprogram in die besonder in meer detail bespreek.

In hoofstuk 4 sal die teoretiese fundering, die aard en wese, asook die doel en taak van die beroepsleidingprogram aangepreek word.